Op die ou einde haal almal beter asem buite die kas. Hoe kom ek as homoseksueel teenoor my familie uit die kas?

Philip Liebenberg
Die Kapel
7 Junie 2009

- **Die hel van selfontdekking word beter met binnepret!**

Foto's van jou kinderdae is volgens kenners dikwels goeie verklappers dat jy van die begin af só was. Kyk dit eerlik in die oë sonder die gewone flou verskonings (soos dat almal van jou ouderdom graag saam agter die kraalmuur gespeel het, of dat al die dogtertjies loop en handjies hou het). Dié familiefoto is op Kersdag 1969 geneem. Agter staan my ma, my pa en my oupa Flip Liebenberg. Ek is voor in die middel – met my niggie Sophie (regs) se skoene aan. My voete is mooi netjies bymekaar, terwyl my broer Louis langs my ewe nonchalant sy resieskar onder die arm vashou. Vir jare het ek verkies om te fokus op die meer manlike beelde van myself wat vanuit die foto's uit my twintigs na my staar. Dit het sedertdien verander -ek het geleer om die klein gay seuntjie in myself ewe lief te kry.
(`n Navorser in Amerika kon selfs op kinderfoto's van baie rowwe seuns sien dat hulle gay is!)

Gaan soek ook vir daardie oom wat kamp was. Of die tannie wat die skape eiehandig kon dip terwyl haar man onhandig rondgestaan het. Ekskuus, dis nou baie stereotiep, maar jy weet wat ek bedoel: Gaan soek vir iemand wat gay was in jou voorgeslagte. Dit was dalk nie baie opsigtelik nie, so delf diep! Elke gay mens erf sy “strekie” van iemand. Jy is selde die enigste een in jou stam. My ouma se broer was erg kamp en ek was gek oor hom. Nee, hy het my nie molesteer nie, hy was wonderlik. Dis ook net my opinie dat hy gay was. Maar ek glo dit vas! ☺
Hier is ek regs (14) en hy links (63).

Van makkers en bondgenote gepraat: wanneer jy beplan om uit die kas te spring, sorg dat jy stewig ingelyf is by `n ondersteuningsgroep. (Die Kapel is so `n plek.) En sorg dat jy raad kry by mense wat alreeds deur die proses van uitkom en vredemaak is.

Hoekom is dit belangrik om met gay mense te bond?

As gevolg van ons eie diepgesetelde homofobie!

- Ene Kort, `n Amerikaanse sielkundige skryf:
- “The psychological and social reasons for this originate in how we gays learn our sense of belonging, identity, and competence. Many other minorities have the same tendency to attack one another for similar reasons. This is called lateral discrimination: The minority group internalizes the presumed superiority of the larger society and individuals in the group act out toward one another.

Belonging

From childhood, we gays and lesbians are denied a sense of belonging. Having to conform to heterosexual models, we don’t automatically learn, as do our heterosexual counterparts, to establish community and togetherness amongst each other.

Other minorities have families who support them and give them a sense of belonging amongst their own minority. Oprah Winfrey talks about the first time she saw the Supremes on television and yelling to her family, "Colored people are on TV, colored people are on TV!" She and her family watched these three beautiful black women singing and wearing beautiful clothes in ways that African-Americans weren’t usually depicted on television.

At least Oprah had her family to run to and feel a sense of belonging. Unlike other minorities, we have no one to provide that support! In our own families, we are still a minority. We’re born into an enemy camp, heterosexual families, and go to heterosexual boot camp for at least 18 years.

Identity

Understandably, we humans label ourselves—and each other—as a way to achieve a sense of identity. And within these labels—particularly gender labels--we are expected to act and think a certain way. GLBT children don’t get the same support as heterosexual boys and girls. The girls hear, "You have to wear this dress," and the boys are told, "Don’t act like a girl." When I was young, I used to put my sister’s black tights on my head and sing into a hairbrush, pretending I was Cher! My mother grabbed those tights off my head and told me, "Little boys cannot be Cher." The bottom line is, we have to establish our identities on our own, with no help from others in learning to be who we are.

Our differences are not respected from childhood. Therefore, we do not accept each other’s differences as adults. How then can we be expected to accept each other’s differences within our GLBT community.”

Ons vrees vir uitkom flits allerande gru-opskrifte voor ons verbeeldings op:

My pa gaan my vermoor!

Onterf.

Vir my gril.

My verwerp.

In my geval het my ma nie vir mý nie, maar haarsélf amper om die lewe gebring deur geskok die straat in te vaar. My pa het uitgeroep dat hy later met my sal praat, want hy moet eers gou straat-af hardloop om haar te vang en terug huistoe te bring!

Ondervinding in ons kultuur het geleer dat goeie verhoudings gou selfs béter word as wat hulle was en dat almal één of ander tyd vrede maak. In verreweg die meeste gevalle waar daar op `n sensitiewe manier uitgekom word verdiep familieverhoudings omdat daar nuwe openheid en eerlikheid inskop. In enkele gevalle praat familielede vir jare nie met jou nie, terwyl hulle heimlik na jou verlang. Dit beteken dat die deur tóg oop is vir jou om herhaaldelik te probeer om met liefde en wysheid die kloof te oorbrug. Die meeste gays beleef egter selfs in daardie geval groot verligting omdat hulle nie meer hulle waarheid wegsteek nie.

Uiteindelik
kuier `n Afrikanerma ook lekker met haar seun se “booifrênd”!
(Sodra sy sien dat `n gay lewe ook mooi kan wees.)

Hoe klim mens by jou familie uit die kas?

Hierdie stappe is `n sameflansing van goed wat ek al hieroor gelees het en my eie voorstelle.

Wat is die eerste ding wat jy vir jou mense sê wanneer julle gaan sit om te praat?
"Ek het julle uit my hart uit lief!"

1) Praat eerste met `n familielid van wie jy verwag dat hy of sy die nuus positief sal verwerk. As dit misluk, soek `n ander een. Laat daardie persoon jou bystaan wanneer jy met die ander gaan praat.
2) Kies `n goeie tyd. Vertel jou familie gesamentlik of indiwidueel. Dis `n persoonlike keuse. Jy ken jou mense.
3) Sê dit soos dit is. Praat direk. Nie grappig nie, maar sober en klokhelder.
5) Geen skaamte nie – dan kry hulle skaam. Wys dat jy vrede het en trots is op jouself.
6) Geen verskonings nie. Daar is niks met jou verkeerd nie.
7) Geen drama nie – dan maak hulle drama.
8) Indien jy in `n verhouding is, stel jou lewensmaat voor en vra direk dat hulle hom of haar in die familie sal verwelkom en laat tuis voel.
9) Gee hulle daarna tyd om die nuus te verwerk. Gun elkeen sy unieke reaksie en bly doodkalm - al is dit net uiterlik! Herinner jouself daaraan dat dit jou ook baie tyd geneem het om jou gaywees te aanvaar en bly heeltyd vol vertroue dat hulle by die plek sal uitkom waar jy nou is. Behou jou selfvertroue en beantwoord lelike opmerkings deur te sê dat jy hoop dat julle verhouding die verskille sal kan oorbrug. Dat jy verstaan dat hulle vrae het en dat jy enige tyd beskikbaar sal wees om al daardie vrae te beantwoord.
10) Maak dit duidelik dat jy gelukkig is. Dat die gay lewe ook hoop op liefde bied. Dat gays ook naby God kan leef. Baie mense dink dat jou lewe net met hel en immoraliteit besaai gaan wees. Miskien omdat hulle nog nie voorbeelde van `n gesonde gay leefstyl gesien het nie.

Ja, jy mag dalk aanvanklik verwerp word. Of miskien selfs vir lank. Waak daarteen om die mure dikker te maak. Bly van jou kant af so toeganklik en sensitief as moontlik.

Jy mag met Bybeltekste bestook of na sielkundiges en dominees vir “hulp” verwys word. Wys dit ferm van die hand. Sê vir hulle dat jy lank geneem het om vrede te maak en dat jy bereid is om jou storie met hulle te deel. Vertel hulle in alle beskeidenheid dat jy die ekspert op die gebied is omdat jy jare lank met die tema gestoei en jou antwoorde gekry het. Ek sê weer: Onthou dat dit jou lank geneem het om jouself te verstaan. Gun hulle tyd. Moenie hardvogtig wees nie.

Wat doen jy wanneer jou mense die onderwerp onder die mat invee en jou homoseksualiteit ignoreer asof dit nie bestaan nie? Wanneer hulle voortgaan om hardop drome oor jou in `n heteroseksuele huwelik te droom? Wanneer hulle aanhou om vir jou te preek al het jy vir hulle verduidelik dat jy die Bybel anders interpreteer? Vermy hulle. Sê vir hulle dat jy graag wil kuier, maar eers sodra hulle bereid is om op te hou met voorgee dat jy heteroseksueel is. Op te hou preek. Verseker hulle egter voortdurend van jou liefde en dat jy hulle nie wil seermaak nie. Verduidelik dat hulle miskenning van wie jy is jóú seermaak. Dat jy lank geneem het om eerlik te raak en dat jy hulle graag wil vertel hoe jy die werklikheid van jou seksualiteit leer aanvaar het. Stel hulle voor aan al die boeke wat jy gelees het en selfs die mense met wie jy gepraat het om vrede te kry. Gee hulle die omvang van jou storie, met liefde en geduld. Maar dring onverpoosd daarop aan dat hulle die werklikheid in die gesig staar. Ek moes my ma eendag skok deur vir haar te sê dat ons slegs `n goeie verhouding sal kan hê indien sy met die werklike ek deel en nie met die straight pastoor beeld van my waaraan sy gewoond was nie.

Sterkte!

Jy sal die kas met sukses verlaat as jy toelaat dat die Heilige Gees jou lei.